

# Welkom!



## SIT JOUSELF EERSTE

*Ek was nooit 'n MXit-meisie nie, maar twee jaar gelede het ek met my Blackberry vir die eerste keer van BBM gehoor en dit begin gebruik. Hoe lekker was dit nie om almal se profiel foto's en status deur te gaan nie!*

*Dit het egter nie daar gebly nie. 'n Vriendin van my het nie 'n Blackberry nie en het voorgestel ek kry WhatsApp. "Wat's dit?" wou ek weet. Nou het ek dit. En klets ons te lekker daarop.*

*Boonop kan ek almal wie se nommers op my foon is, se profiel foto's sien, van inspirerende aanhalings, humor en die mooiste foto's ... Ek kan my verkyk!*


*Dis toe dat ek Christa Badenhorst, wat die Guvon-hotelgroep se bemerking behartig, se prentjie raaksien. Daar was drie wit letters op 'n pers agtergrond – F.L.Y. Wat sou dit beteken? Ek het gaan kyk. First Love Yourself het daar onder die afkorting gestaan.*

*Dadelik dink 'n mens: "Sjoe, dis nogal arrogant om vir myself eerste lief te wees!" Wat van God en die mense om ons? Tot jy dit aan jou lyf begin voel en besef dis nie so 'n vergesogte gedagte nie.*

*Teen die einde van verlede jaar was ek self baie na aan uitbranding. Ek onthou hoe vol my dae met vergaderings was; dan was dit die skool se prysuitdeling en afsluitingsfunksies in die aand; by die werk het die eposse opgehoop en die doen-lysië het langer en langer geword. Ek het buite beheer gevoel. Dit alles het gemaak dat ek nie tyd gehad het om te oefen nie, laat staan nog gesonde kos eet of stiltetyd hou. God het ver van my af gevoel ... My nek was in 'n spasma, ek het drie dae aanmekeer hoofpyn gehad en daar was 'n naar kol op my maag.*

*Tot ek besluit het genoeg is genoeg. Een aand se tydsame bad, vroeg in die bed en 'n bietjie muurbal die volgende dag het my beter laat voel. Die ironie is dat ek na 'n paar dae van goed wees vir myself vir meer kans gesien het en meer tyd gehad het vir die ander dinge.*

*Dis vandeemaand Valentynsdag. As jy weer 'n rooi hart sien, skryf F.L.Y daarop en onthou – First Love Yourself! Dan sal jy baie meer kan beteken vir God en vir sy mense.*

*Venessa* Handelsmerkdirekteur  (@venessafinesse)

### Besoek ons ook by...



www.facebook.com/  
Voelgoed



twitter.com/  
finessetydskrif



pinterest.com/  
finessetydskrif/



voelgoed.co.za

## FINESSE bootreis: 14-17 Maart



Word vernuwe na liggaam, siel en gees terwyl jy van Durban na die Portugese Eiland vaar. Die MSC Opera is immers 'n drywende vyfsterhotel. En Dowwe Dolla en Suzette van der Merwe gaan saam! Vra vir die FINESSE-pakket as jy MSC by 011 807 5111 skakel om te bespreek, of stuur 'n epos aan [bootreis@finessemag.co.za](mailto:bootreis@finessemag.co.za). **Meer besonderhede verskyn by [voelgoed.co.za](http://voelgoed.co.za).**

## Vroue Wat Glo inspirasie-uur is hier



Kom kry gou geestelike pitkos in jou etensuur en word deel van die geloofsnetwerk vir Christenvroue soos jy! Ons eerste byeenkoms is Vrydag 21 Februarie vanaf 12:30 tot 13:30. Die tema is *Omhels God se droom vir jou*. Kaartjies kos R50 per persoon. **Klik op [vrouewatglo.co.za](http://vrouewatglo.co.za) vir besonderhede oor die topklassprekers en nog meer.**

## Voelgoedweek vol selfvertroue



Omkring 3-9 Maart in jou dagboek, want dan is dit weer tyd vir FINESSE se voelgoedweek. Bring jou handsak saam en kom hoor wat dit oor jou vertel met ons tema *Handsak vol selfvertroue*. Lindie Strydom gaan jou wys dat 'n naelvyl meer as net 'n stukkende nael kan red ... **Besoek [voelgoedweek.co.za](http://voelgoedweek.co.za).**